MINI KIDS
CENTURION
LEARN, PLAY & GROW TOGETHER
LEER, SPEEL & GROEI SAAM

# Wat ons bied:

- ‘n Skool met Christelike waardes.
- ‘n Veilige en inklusiewe omgewing vir een en elke kind om in te floreer.
- Gekwalifiseerde personeel om u kind se ontwikkeling tot hul volle potensiaal te bevorder.
- ‘n Warm en vriendelike atmosfeer.
- Buitemuurse aktiwiteite wat op ons perseel aangebied word.
- Dubbel medium skool (Klassies word in Afrikaans en Engels aangebied.)
- Ons terrein en klassie het sekuriteits kameras vir monitoring vir sekuriteits doeleindes.
- Gesonde en gebalanseerde etes.


# Welkom by Mini Kids



















MINI KIDS
CENTURION
LEARN, PLAY & GROW TOGETHER
LEER, SPEEL & GROEI SAAM

Nommer: 083 343 9996

E-pos: info@minikids.co.za

Webtuiste: www.minikids.co.za

# Geagte Ouer

Ons heet jou hartlik welkom vanaf die Mini Kids-span. Dit is vir ons 'n ontsaglike voorreg dat u ons oorweeg om u kind te kan lei om tot hul volle potensiaal te ontwikkel en vorm. Ons leuse is om saam te leer, te speel en te groei terwyl ons 'n skoon en veilige omgewing vir hierdie aktiwiteite bevorder. Ons vriendelike personeel is altyd gereed om te help en 'n positiewe impak te maak waar hulle ook al kan. Ons glo vas daaraan om konsekwent uitstekende diens te lewer en elke kind individueel te behandel asof hulle ons eie is. Ons doelwit is om u kind te help om hul volle potensiaal oor alle aspekte van fisiese en intellektuele ontwikkeling te bereik. Ons sien gretig uit na jou kleinding se reis saam met ons!

# Wie is ons?

Mini Kids Centurion is 'n Christelike skoolkie wat geleë is in die hartjie van Wierdapak, Centurion. Hierdie waardestelsel vorm die basis van ons onderrig.

Ons vat baie trots in ons skool se skoonheid en higiëne en poog om vir al ons kleuters 'n huis weg van die huis af te wees as Mamma en Pappa hulle werksverpligtinge moet nakom.

Ons skool spog met 'n ruim speelarea wat vir elke ouderdomsgroepie gepas is.

Ons het toegerute klaskamers wat kleuters se verbeelding prikkel, elkeen toegerus met 'n Juffrou en 2 Assistente.

Ons glo dat dit uiters belangrik is vir elke onderwyser om 'n unieke en spesiale verhouding met elke kleuter te vorm sodat hulle op alle vlakke kan floreer.

So ook glo ons dat dit van uiterse belang is vir ons personeel om 'n deursigtige en vertroulike verhouding met elke ouer te vorm.

Mini Kids Centurion is groot voorstanders van die PRAKTIKA opvoedkundige stelsel sowel as OVO – Optimale Voorskoolse Ontwikkeling en gebruik dit as riglyn om ons weeklikse aktiwiteite, in klas verband, voor te berei. Ons glo sterk dat kinders leer deur te speel.Ons fokus weekliks op groot motoriese, fyn motoriese, sosiale vaardighede sowel as emosionele groei in elke kleuter.

# Veiligheid en sekuriteits toepassing

Mini Kids is ten volle toegerus met sekuriteits kameras op die perseel sowel as buite om die perseel. Die skool het dubble sekuriteitshekke by ons hoofingangwat alleenlik deur ons personeel hanteer word.

Ons personeel ontvang elke kind persoonlik met aankoms en gee ook elke kind persoonlik af in die middae met vertrek tyd.

# Hoe werk ons daaglikse program?

Mini Kids volg 'n goed gestruktureerde program wat daagliks gevolg word om te verseker dat ons kleuters die nodige praktiese en akademiese onderrig ontvang. Daar word geleentheid in die week geskep waar onderrig in al die ontwikkelings-areas kan geskied.

Ouers ontvang 'n jaarprogram in hulle kommunikasie boekies wat as riglyn dien vir al die temas wat deur die jaar, weekliks behandel word en waarop daar gefokus word.

# Asseseringen Rapporte

Mini Kids doen deurlopende deur die jaar asseserings met ons leerders en reik dan kwartaaliks vorderingsverslae aan die ouers uit sodat elke kind se ontwikkeling en mylpale op alle vlakke gemonitor kan word.

# Buitemuurse aktiwiteite

## Buitemuurse Aktiwiteite sluit in

- Dance Mouse - 082 902 9391
- PhyzzEd Sports - 011 882 6684
- RugbyStars - 083 989 8514
- Busy Bodies - 083 443 1507

# Alegemeen

## Kleredrag, speelgoed en persoonlike items

Alle ouers moet hul kind se klere, skoene, bottels, koppies, dummies en bykomstighede duidelik merk. Mini Kids sal nie verantwoordelik gehou word vir die verlies van enige van hierdie items nie.

Kinders word nie toegelaat om die volgende skool toe te bring nie:

- Lekkers
- Gom
- Speelgoed
- Boeke

Kleuters dra net gemaklike klere skool toe.

# Fooie

**1. Registrasiefooi (eenmalig jaarliks):** R 1 200.00

**2. Maandelikse fooi:** R3 900.00

**3. Mini Kids Bankbesonderhede:**

| | |
|---|---|
| Tiepe rekening | Tjek rekening |
| Rekeninghouer | M Gouws |
| Bank | FNB |
| Rekening nommer | 62864813607 |
| Takkode | 260216 |

**4. Gelde betaalbaar:**

**4.1. Registrasiefooi:**

Die aanvanklike jaarliks eenmalige nie-terugbetaalbare registrasiefooi is R 1 200.00.

**4.2. Maandelikse fooi:**

'n Fooi van R 3 900.00 (Voldag) sal maandeliks vooruit betaalbaar wees, dit sluit DESEMBER in. Desember word as 'n volle kalendermaand gesien.

Daar sal geen terugbetalings wees vir dae wat gemis word, siekdae, openbare vakansiedae ens.

**Betalings moet op of voor die 1ste van elke maand gemaak word.**

Geen laat betalings sal geduld word nie.

**'n Afslag van 5% word gegee vir 12 maande vooruitbetaling.**

## Skryfbehoeftes

Merk asseblief alle skryfbehoeftes en klere met u kind se volle naam en van. Trek asseblief die kommunikasieboek oor en merk dit duidelik met u kind se naam en van.

Wat ons benodig:

- Pennesakkie
- 1 x Pakkie uitdraai kryte
- 2 x Groot Pritt
- 1 x Uitveër
- 1 x Inkleurpotlode
- 1 x Stomppuntskêr
- 1 x Typek Paper Pack A4
- 2 x 50 sakkie 'Flip File'
- 1 x A5 Hardeband Kommunikasieboek
- 1 x 100 Bladsy inkleurboek

## Maandelikse Behoeftes

**Baba's en peuters (4 maande tot 24 maande)**

- 2 x 'Wet Wipes"
- 1 x  Boks sneesdoekies
- 1 x Groot Boudroom
- 1 x Lyfroom

**Kleuters tot en met 5 jaar**

- 1 x 'Wet wipes'
- 1 x Boks sneesdoekies
- 2 x Rolle toilet papier
- 1 x Handewasseep

## Daaglikse Behoeftes

**Baba's en peuters (4 maande tot 24 maande)**

- 6 Doeke
- 2 Ekstra stelle klere
- Warm baadjie
- Hoed
- Dummy
- 3 Gemerkte bottels
- Formule apart
- Kombers
- Bib
- 2 Gemerkte Spoegdoeke
- Sonskerm

NB: Kinders wat begin met toilet roetine moet asseblief daagliks 5 stelle onderklere en 5 ekstra broekies bring.

**Kleuters tot en met 5 jaar**

- 2 Ekstra stelle klere
- Hoed
- Water bottel
- Sonskerm
- Kosblikkie

## Tye

Personeel sal van Maandag – Vrydag aan diens wees: Vanaf 06:30 – 17:30 GEEN ouers sal voor 06:30 toegang tot die eiendom gegun word nie.

By aankoms moet ouers hul kind by die voordeur aan die versorger oorhandig. Daarna sal hulle ontbyt om 08:00 bedien word en die daaglikse program sal begin.

**NEEM ASSEBLIEF KENNIS:**

Ouers sal die bestuur/die skool vooraf in kennis moet stel indien iemand anders die kind by die skool kom haal wat nie gelys is as iemand wat die kind mag kom haal nie.

Bestuur sal 'n skriftelike brief benodig, onderteken deur die ouer, met 'n gedetailleerde beskrywing van die persoon en indien moontlik, 'n fotokopie van 'n ID.

Enige ouer wat hul kind later as 17H30 kom haal sal 'n boete van R100 per kind gehef word vir elke 15 minute of gedeelte daarvan wat hulle laat is,dit is KONTANT betaalbaar by afhaal.

## Afwesigheid

Ouers moet die Bestuur van Mini Kids in kennis stel indien enige kind afwesig is as gevolg van siekte, hospitalisasie ens...

## Kansellasies

Vir die kansellasie van enige kind sal bestuur 'n skriftelike versoek en 'n maand kennis nodig hê. Indien dit nie moontlik is nie, moet 1 maand skoolfonds betaal word in plaas van kennisgewing, dit is nie onderhandelbaar nie.

## Siek kinders

'n Kind wat enige van die volgende siektes het, sal nie op die skoolterrein toegelaat word nie. Dit sluit in, maar is nie beperk nie tot Waterpokkies, pampoentjies,

masels, Duitse Masels, Rubella, Skarlakenkoors, Hepatitis, RS Virus, mangelontsteking, Gastro, hoë temperature, braking, diarree, erge hoofpyn, LUISE.

Mini Kids het 'n noodhulpfasiliteit wat slegs vir behandelings doeleindes is indien 'n kind siek is. Neem asseblief kennis dat die fasiliteit bloot 'n vorm van waarneming is vir 'n siek individu wat wag om afgehaal te word.

'n Ouer sal in kennis gestel word sodra 'n kind na die kantoor gestuur is weens siekte.

Die bestuur sal dan die ouers kontak om die afhaal van die siek kind te reël. Neem asseblief kennis dat die stuur van 'n siek kind skool toe 'n groot risiko vir die kind, onderwyser, ander leerders en ons personeel inhou.

MOENIE u kind skool toe bring as hy/sy aan enige van bogenoemde ly nie.

Geen kind mag die eerste 3 dae van behandeling met antibiotika by die skool wees nie.

## Onthou asseblief

Stel bestuur dadelik in kennis indien enige persoonlike of kontakbesonderhede verander het. Wees asseblief so vriendelik om enige speelgoed of items in u kind se sak terug te stuur wat nie aan u kind behoort nie.

## Mini Kids is Gesluit

Die skool sluit elke jaar vir die Desember vakansie en maak weer vroeg oop in Januarie.

Indien 'n vakansiedag op 'n Dinsdag of Donderdag val, sal die skool die dag voor / na die tyd ook gesluit wees.

# Dit is hier waar klein voetjies diep spore trap...

